## STUDIUM UNIVERSALE

Die posisie van Studium Universale (as interdissiplinêre kursus) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is in sekere opsigte uniek in die Westerse universitêre wêreld. In ander opsigte is dit analoog met dergelike kursusse aan Europese en Amerikaanse universiteite. Ons beoog hier geen vergelyking tussen Studium Universale aan die P.U. vir C.H.O. en sy eweknie aan sê maar die deursnee Europese universiteit nie. Ondervolgende trag om 'n profiel te gee van enkele markante nuwe planne in verband met die funksies van „Studium Universale" aan ons hedendaagse universiteit.

Die probleem is kompleks van aard. Dit het byvoorbeeld te doen met die aard en taak van die universiteit, met die universiteit en samelewing, met die universiteit en die student, met beroepsopleiding en wetenskaplike navorsing, met die sg. kloof tussen natuur- en geesteswetenskappe, ens. Ons verskaf 'n beeld slegs ten opsigte van die worstelinge na die samehang van die wetenskap en wat daarmee gepaard mag gaan.

Menige Europese universiteit wil die samehang van die wetenskap daadwerklik realiseer vanweë veral die volgende redes.

Die krisis as gevolg van oordrewe en verkeerde spesialisasie wat die wetenskap laat vereng, laat verbrokkel, laat uitloop op 'n fragmentariese werklikheidsbeskouing en die student eensydig laat vorm — verg pogings tot konsolidasie. „Communication and contact between departments tend to break down". Die Engelse denkwêreld spreek knaend van 'n „departmentalism".

Vanweë die algemeen verbreide opvatting dat die universiteit 'n samehang van studierigtinge behoort te wees, leef die begeerte om 'n „Studium Generale" in die lewe te roep. Immers, in die wetenskap gaan dit nie om op sigself staande brokkies waarhede of losstaande feite nie. Die universiteit is die hoedster van die integrasie of totaalbeeld in die wetenskap.

Die hedendaagse pogings om neutraliteit in die wetenskap aan die openbare universiteit te *oorwin*, is 'n volgende stoot tot aftasting van die samehang van die wetenskap. Hier word

dan getrag om aan te toon dat wetenskap (respektiewelik universiteit) nié neutraal ten opsigte van mens en lewe is nie. Wetenskap is dan steeds wetenskap binne 'n *sosiale samehang*. Geen wetenskap sou dan a-menslik en lewensvreemd wees nie. Ook vanweë hierdie non-neutraliteit is daar 'n verbondenheid tussen wetenskappe onderling.

Die samehang van die wetenskappe word dringender ook vanweë die gevare in verband met professionalisme, waarby die huidige universiteit hom al meer daarvoor leen om 'n handige instituut tot opleiding in sosiaal-verhewe beroepe te word. Dit gaan om die uitwerking van die gedagte dat die akademiese wetenskap „fits one for nothing, but prepares one for everything".

Die crux van die probleem lê o.i. by die vraag wat hier onder samehang van die wetenskap verstaan word. Ons verduidelik dit na aanleiding van pogings tot oplossings van die betrokke krisisse. Die antwoorde verdeel ons in twee groepe: 'n oue en 'n nuwe groep; by laasgenoemde voeg ons ook antwoorde van besondere universiteite.

Die ou groep trag om die samehang van die wetenskap by uitstek met behulp van 'n kursus „Studium Generale" genoem, te bewerk. Onthou moet word dat die Middeleeuse universiteit in sy geheel *studium generale* genoem is en dat die „generale" beteken het dat die „studium" bestem is vir alle daartoe geskikte leerlinge uit alle nasies — en nié dat alle vakke onderrig word nie. Tans word met „studium generale" (soms „studium universale")[1]) juis klem gelê op die stof en probleme wat onderrig sal word.

Wat hou dit in? Organisatories beteken dit 'n reeks interfakultêre lesings, gegee deur dosente uit verskillende fakulteite (en soms van verskillende universiteite) aan studente in alle fakulteite. Geen werkstukke word hierin uitgedeel en geen eksamen word hierin afgeneem nie. Bywoning van hierdie kolleges is opsioneel en gratis. Dit is populêr-wetenskaplik van aard.

Opsommenderwys kan die inhoud op die volgende gestel word. Samehangende reekse probleme word behandel, byvoorbeeld: „die verskuiwende mensbeeld in die Volkekunde, Filosofie en Kuns"; aktuele onderwerpe op akademiese niveau; metodologiese probleme; filosofiese inkleding van probleme; historiese agtergrond van die wetenskappe; estetiese prestasies van die menslike gees.

Die samehang van die wetenskappe word dus in hierdie verband hoofsaaklik as 'n tematiese, metodologiese en filosofiese „Studium Generale" verstaan.

Die doeleindes van Studium Generale kan soos volg saamgevat word: Deur hierdie kolleges wat buite „het eigenlijke studieterrein" lê, moet die belangstelling van die student tot buite sy enge vakgebied geprikkel word. Die student moet van die beperktheid van sy eie wetenskap bewus word. Dit moet 'n bydrae lewer tot die algemene kulturele (soms ook geestelike) ontwikkeling of vorming van die student. Dit moet 'n uitsig bied op die plek van die vakstudie te midde van die geheel van die wetenskapsbeoefening. Elke wetenskap moet hom besin op sy eie en verwante grondslae. Dit moet die betekenis van die onderlinge samehang van vakke vir die praktyk (veral beroepswêreld) aantoon.

Die samehang van die wetenskappe word dus in hierdie verband hoofsaaklik as 'n ensiklopediese en kultureel/geestelike samehang uit 'n breë algemene-kennis-agtergrond verstaan.

*Resultate*

Studium Generale in bovermelde vorm misluk.

Die bonte menigvuldigheid aan temas het die gevaar dat dit die krisis insake die verbrokkeling van die wetenskap nog verder deurvoer.

Studium Generale bly 'n anneks wat juis nie die vakstudie met die res van die wetenskap *integreer* nie — aangesien dit buite die vakgebied beweeg. Die tematiese, metodologiese en filosofiese samehang/eenheid word dus nie ten opsigte van die eie vakgebied geïllustreer nie.

Die ensiklopediese samehang bly vassteek in 'n mosaïeksamehang waarby die eie vakgebied indifferent naas ander wetenskappe te staan kom.

Daar word geklae oor die onvoldoende en steeds dalende belangstelling van die studente vir 'n Studium Generale in bovermelde vorm.

Betoog word dat die algemene kulturele vorming nié verkry word deur op velerlei terreine weinig en uiteraard oppervlakkige kennis te verwerf nie.

Samevattend: Die betrokke organisatoriese inkleding van Studium Generale met sy bonte menigvuldigheid aan temas (en inrigtingsvorme) is juis nié dienstig aan die samehang

van die wetenskap, aan die Studium Generale-projek wat te doen het met wetenskaplike wêreldoriëntering, met oorwinning van die vakengheid en met tekening van die groot samehange nie.

*Nuwe planne*

Vrywel alle Europese universiteite meen dat die samehang van die wetenskap tans anders as met behulp van die tot onlangs gangbare Studium Generale aangepak moet word. Die verskillende planne wat enersyds op 'n gewysigde opvatting insake die samehang van die wetenskap berus, kan ons kortliks op die volgende stel:

Daar moet 'n *wetenskaplike* sintese van interdissiplinêre probleme wees.

Hierdie nuwe aanpak kom by sommige universiteite daarop neer dat Studium Generale fakultatief ingestel is en dat die eie vakgebied met die res van die wetenskap in die eie fakulteit moet integreer. By ander bedoel dit om in terme van 'n sg. „general education" die samehang van die wetenskappe en die samehang van die wetenskap met die lewe(nspraktyk) aan die lig te bring.

Daar moet 'n *kulturele* sintese van wetenskaplike beskouings wees. Uit die verskeie oortuigings moet die universiteit 'n sintese skep wat bevorderlik is vir die kultuur (van die Westerling!). Daar moet 'n integrasie tussen wetenskap en praktyk, resp. universiteit en beroepswêreld geskep word — aangesien die hedendaagse universiteit nie meer 'n ivoreburg van kennis is nie, maar 'n geplastiseerde nuttigheidsinstituut.

Aan sommige universiteite word selfs 'n nuwe wetenskapsgroepering aangepak (op grond van 'n nuwe wetenskapsindeling). Een universiteit wil verkeerde spesialisasie vermy en die samehang van die wetenskap in die betekenis van „contextual subjects" navors en doseer in die kader van „schools of studies" in plaas van departemente. By die University of Sussex het die begrip „school" dan ook 'n ander betekenis as dié woord aan die University of London òf aan Oxbridge òf aan enige ander Redbrick University in Engeland. 'n Ander universiteit wil met behulp van 'n „foundation year" iets terugwin van die tradisionele propedeutiese fakulteit van die Middeleeuse universiteit.

Die saak van 'n nuwe wetenskapsgroepering geniet tans in

Nederland besondere aandag vanweë die „Wet op het wetenschappelijk onderwijs" van 1960, waarvolgens aan alle Nederlandse universiteite (openbaar en besonder) 'n nuwe fakulteit kom, nl. 'n „Centrale interfaculteit" wat die insig in die samehang van die wetenskappe onderling moet bevorder. In hierdie verband haal ons die woorde van die Nederlandse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap rakende die aard van universitêre onderwys aan: „Van een ware academicus mag worden verwacht dat hij rekenschap geeft van de plaats die zijn speciale kennis van een bepaald onderdeel inneemt in het geheel, waarvan dit specialisme deel uitmaakt en dat hij een inzicht heeft in de zamenhang der wetenschappen en in de grondslagen, waarop onze cultuur rust".[2])

In Duitsland is die opvatting oor die algemeen in dié rigting: Die ou Studium Generale het misluk; daarmee mag die idee van die universitas scientiarum egter nie prysgegee word nie. Daarom moet ten minste aan die vier nuwe universiteite veral dié nuwe opset in die wetenskapsindeling en -groepering ingebou wees: die ensiklopediese en organisatoriese saamwoon van natuur-, geestes- en tegnologiese wetenskappe.

Amerikaanse universiteite wil die utilisme in sy hoër onderwys besweer deur „general education" verder as slegs die eerste twee studiejare te laat strek.

*Studium Universale en Christelike wetenskap*

Die soektog na die samehang van die wetenskappe onderling kon nie deur die ou opset van 'n Studium Generale gerealiseer word nie. Daarmee het menige universiteit nog nie die saak gewonne gegee nie. Enkele universiteite (veral in Engeland) en inrigtings vir tegniese hoër onderwys in Nederland het die idee van 'n Studium Generale (resp. Studium Universale) as integrale deel van akademiese wetenskapsbeoefening ingewerk; en dit mag as veel meer geslaagd beskou word as die vroeëre planne. Die projek wat aan die P.U. vir C.H.O. bestaan, kom met die nuwe planne hoofsaaklik daarin ooreen dat daar 'n taak is ten opsigte van die samehang van die wetenskap en 'n taak ten opsigte van die node, nl. veral versplintering van die wetenskap in werklikheidsvreemde spesialismes en utilistiese popularisering van die wetenskap tot gehuurde beroepskennis.

Die instelling van die kursus *Studium Universale* aan die

P.U. vir C.H.O. is grootliks deur prof. dr. H. G. Stoker geïnisieer. Sy boek *Beginsels en metodes in die wetenskap*, is 'n epogmakende handleiding en getuig van sy pleidooi dat wetenskappe ook in onderlinge wisselwerking uitgebou behoort te word. „Met die instelling van die kursus in Beginsel- en Metodeleer (dele A en B) is die krisis van die huidige universiteit in ag geneem ... en is van 'n beleid van integrasie as voorwaarde en doel uitgegaan, 'n integrasie van die wetenskap as geheel met die onderskeie wetenskappe (Teologie, Wysbegeerte en die onderskeie vakwetenskappe), van 'n totaalbeeld van die wetenskap met spesialisasie, van die primêre akademiese (wo. navorsende) taak van die universiteit met beroepsopleiding, van lewens- en wêreldbeskouing met wetenskap en van die wetenskap met die menslike samelewing as geheel".[3])

Aan 'n universiteit met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskoulike basis word die eenheid van die wetenskap by uitstek gerealiseer in en deur die Christelike uitgangspunt wat bepalend is vir elke wetenskap in sy spesialiserende bedrywigheid. In hierdie opsig sal goeie spesialisasie tendeer na integrasie. Vir die Christenwetenskaplike is spesialisasie en differensiasie nie euwels nie. Waar dit gedryf word tot isolering en atomisering van die wetenskap, is dit gevare wat ons vandagse universitêre wetenskap bedreig. Spesialisasie sonder meer lei tot engheid van begrip asook tot oormoedigheid van een wetenskap ten opsigte van 'n ander wetenskap.

Die Christelike standpunt kan nie losgemaak word van die beoefening van die betrokke wetenskap nie. Hier word die eenheid en samehang van die wetenskap geïllustreer in die idee van die *Christelike* wetenskap. Dit geskied in die beoefening van die verskeie wetenskappe en dissiplines, ook in Studium Universale.

Studium Universale aan die P.U. vir C.H.O. kan nie die Christelike beoefening van die onderskeie wetenskappe vervang nie. Só word Studium Universale, in die gedaante van 'n Christelike sousie as anneks, juis vervreem van die ander wetenskappe. Dan kan die student nie insien hoe die „Christelikheid" 'n *integrale* deel van die wetenskapsbeoefening vorm nie. Die Christelike beoefening van die vak is tog integrale deel daarvan en kan moeilik as byvoegsel daarnaas geskied; want hoe geskied die beoefening van die vak dan andersins?

*Verrigtinge van Studium Universale*

Studium Universale bedoel om ook en veral ander integrasiefaktore te ontgin as net dié rakende die eenheid van geestesrigting. Die wetenskap vorm ook interdissiplinêr (insake die terrein van ondersoek, metodes, probleem van kennis, ens.) en ensiklopedies (o.a. vakfilosofies) 'n samehang.

'n Kernprobleem in en vir Studium Universale is: Hoe kan mens spesialiseer sonder om sy terrein van ondersoek van ander te isoleer en hoe kan hy sonder oppervlakkigheid sy gespesialiseerde vakkennis integreer en/of uitbou met die res van die wetenskap en lewe as geheel?

Insake die geestesrigting van 'n universiteit sal dit vrae soos die volgende tegemoet moet gaan: Wat is die sinvolle plek van die studie in die lewensgeheel? Wat is die sin van die wetenskap as wetenskap? Wat is die sin van die wedloop na tegniese prestasies? Kan die beoefening van 'n wetenskap geïsoleerd van die omlysting deur 'n lewens- en wêreldbeskouing plaasvind?

Wat is die verhouding tussen wetenskap en kultuur in die algemeen? Hoe is die verhouding tussen 'n wetenskap en sy geskiedenis?

Wat is die verband en posisie van die eie vak ten opsigte van ander wetenskappe en ten opsigte van die beroepswêreld? Kan 'n wetenskap geïsoleerd van die resultate en metodes van ander wetenskappe beoefen word? Wat is die doel van kennis? Gaan dit in die wetenskap om geïsoleerde ofte wel om op hulleself staande gegewens? Wat is die betekenis van die onderlinge samehang van die wetenskappe vir die praktyk en vir die beroepswêreld?

Moet die eenheid van die wetenskap bereik word deur die een groep wetenskappe na die ander groep te herlei? Dergelike pogings misluk. Waarom? Die betekenis van 'n Studium Universale in hierdie verband is dat dit byvoorbeeld die akademies gevormde student die besef bybring dat sy besondere vakwetenskaplike denkwyse slegs beperkte en betreklike relevansie besit.

Ook het Studium Universale die opgawe om aan die basis van alle spesialisasie 'n so grondig moontlike integrasie te lê. Spesialisasie is vandag noodsaaklik — ook vanweë die ontplooiing van die geskiedenis van die mens en sy wetenskap.

Maar hy wat enkel vakspesialis is en niks anders weet nie, kan ook geen goeie vakspesialis wees nie. Dit impliseer geen terugkeer na die dae toe daar as 't ware nog geen spesialis was nie. Daardie era is gelukkig agter die rug. Studium Universale is ook geen „general knowledge"-kursus nie. Met Studium Universale word die wetenskaplike horison verbreed, want dit (ek som bg. uit 'n ander gesigspunt op) laat die akademiese studie tot sy reg kom deur 'n algemene denkskoling en geestelike uitrusting aan die student voor te hou; dit wys op gevare van grensoorskryding van die eie gespesialiseerde denke; dit skakel hierdie gevare as 't ware by voorbaat uit deur meer-dimensionale denke (o.a. saam-op-dink-wees, ensiklopediese probleme) te beoefen; dit laat die student met ander denkwyses kennis maak.

Studium Universale moet ook die werklikheid en vrugbaarheid van 'n denkgemeenskap onthul.

P. G. W. du Plessis.

P.U. vir C.H.O.

1. Die Middeleeuse universiteit is soms ook 'n *Studium universale* of ook 'n *Studium commune* genoem.
2. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: *Technische studie en Maatschappij-wetenschappen*, rapport van de commissie.., Staatsdrukkerij, 1963, p. 6.
3. Stoker, H. G.: *Beginsels en metodes in die wetenskap*, Pro Rege, Potchefstroom, 1961. p. 8. In 1955 is die kursus, verpligtend vir alle tweede- en derdejaar graadstudente, „Beginsel- en Metodeleer" genoem. Die kursus „Lewens- en Wêreldbeskouingsleer" is verpligtend vir alle voorgraadse diplomastudente. Tans heet die kursus in sy geheel „Studium Universale".